Stokperdjies

Om in staat te wees om rus intelligent te vul, is die laaste produk van beskawing.
- Arnold Toynbee

Baie mense bring lang ure by die werk deur en het dikwels nie juis ander belangstellings of stokperdjies nie, bloot omdat hulle nie tyd het daarvoor nie. Dr. Melodie de Jager stel dit baie duidelik dat, vir iemand wat nie vriendskappe, stokperdjies en belangstellings buite werkverband gekweek het nie, vrye tyd sinloos kan wees. Dit is egter baie belangrik om een of ander vorm van vryetydsbesteding te hê, iets wat nie met jou werk te doen het nie. "Om in staat te wees om rus intelligent te vul" hou vir die mens talle voordele in. Die aanleer van nuwe vaardighede stimuleer ons breinnetwerke. Neuroplastisiteit is die vermoë van die brein om nuwe netwerke te vorm. Te veel mense sit met neurorigiditeit waar die denkprosesse pal dieselfde paadjies volg, amper soos met 'n ou langspeelplaat waarvan die naald vasgehaak het. Sorgvuldige beplanning van wat jy met jou vrye tyd doen, is uiters noodsaaklik, omdat dit 'n invloed op jou geestes- en fisiese gesondheid het.

Lou Coetzer, 'n afgetrede plantkundige van Pretoria, vertel meer oor die waarde van stokperdjies uit sy perspektief:

In die Nasionale Woordeboek (M. de Villiers, e.a.) word die woord "stokperdjie" beskryf as 'n tydverdryf wat vir die plesier daarvan beoefen word. Hiermee dink ek ook aan die spreekwoord wat lui: "Ledigheid is die duiwel se oorkussing". Dit impliseer dat dit tydvermorsing is om ledig te wees, en dat die beoefening van 'n tydverdryf aangemoedig en nagestreef moet word. Daar is verskillende idees oor wat 'n stokperdjie behels, en dit wissel van persoon tot persoon. Vir sommige mense sal dit beteken om vrye tyd te gebruik om te lees of om na spesifieke soorte musiek te luister. Vir ander sal dit 'n aktiwiteit wees wat handelinge/aksies behels, soos byvoorbeeld om tuin te maak, houtwerk te doen of om te skilder.

Die beoefening van 'n stokperdjie word algemeen beskou as 'n aktiwiteit wat kalmerend op die gemoed inwerk. Dit hou jou gedagtes vasgevang en lei dit weg van alledaagse probleme en spanning. Al is dit die enigste voordeel wat uit 'n stokperdjie verkry kan word, is dit beslis al die moeite werd om die beoefening daarvan so wyd en ernstig moontlik aan te moedig. Persone met stokperdjies is kalm en gemoedelike mense.

Sonder om onnodig op die meriete van enige stokperdjie te fokus, kan dit in die volgende drie groepe verdeel word:

1. Rustige stokperdjies wat bykans enige plek beoefen kan word, soos om te lees (fiksie óf nie-fiksie), om musiek te versamel en te luister, fotografie, blommerangskikking en genealogiese nasporing.

2. Enige tipe versameling soos seëls, pette, teelepels en so meer.

3. Stokperdjies wat handelinge met apparaat of gereedskap behels, byvoorbeeld leerwerk, houtwerk, metaalwerk, skilder, tuinmaak, naaldwerk en 'n sportsoort soos gholf en rolbal.

Behalwe vir die sportsoorte, regverdig laasgenoemde groep nadere fokus, want hierdie is die "skeppende" stokperdjies waar produkte geproduseer word. Myns insiens is dit ook die stokperdjies wat die bevredigendste behoort te wees, vanweë die skeppende aard daarvan. Jy kan 'n projek aanpak en voltooi en dan die eindproduk waardeer. Dit bied in 'n ruim mate die geleentheid tot kreatiwiteit in watter vorm ookal. Hoe langer dit beoefen word, hoe meer neem die kreatiwiteit gewoonlik toe. Hierdie groep is ook stokperdjies wat 'n klein inkomste teweeg kan bring.

Gemaakte produkte kan verkoop word om uitgawes te help delg of as geskenke gebruik word. As die beoefenaar boonop 'n entrepreneur is, kan die stokperdjie ook tot 'n volwaardige beroep met 'n goeie inkomste ontwikkel. Al die soorte stokperdjies wat van gereedskap gebruik maak, het 'n aanvanklike koste-uitleg met die aanskaf van gereedskap – sommiges 'n kleiner uitgawe en ander 'n groter uitgawe wat deur die tipe stokperdjie bepaal word.

Om vroeg met jou stokperdjie te begin, het twee belangrike voordele. Die eerste is dat jy geleentheid kry om reeds vroeg moeilike tegnieke aan te leer en baas te raak wat op die lange duur groot tevredenheid waarborg. Die tweede is dat jy vroeg reeds met die aanskaf van jou gereedskap kan

begin, veral as dit duur masjinerie behels, soos vir houtwerk, metaalwerk en fotografie. Daarom is my aanbeveling altyd dat jy vroeg reeds met die beoefening van 'n stokperdjie begin en die nodige gereedskap aanskaf terwyl jy nog werk, 'n inkomste verdien en daarvan kan afknyp om die "gereedskap" te betaal. Later ontstaan die heerlike vooruitsig om eendag af te tree wanneer jy dan meer tyd beskikbaar sal hê om jou stokperdjie te beoefen – bykans voltyds.

Dit is 'n groot jammerte dat sommige mense aftree sonder dat hulle ooit 'n stokperdjie beoefen het. Sodra hulle die dag aftree, begin die soektog na 'n stokperdjie, of, slegter nog, hulle bly lank besluiteloos en kom nooit by 'n stokperdjie uit nie. Die bykomende probleem is dat sulke persone wat dan wel met 'n stokperdjie wil begin, van hulle pensioengeld moet gebruik vir die aanskaf van gereedskap – wat algemeen as 'n fout beskou word, want jou pensioengeld moet versigtig bestuur word en jou vir baie jare finansieel dra. Die goeie nuus vir vroeë stokperdjie-beoefenaars is dat daar talle klubs en verenigings is waarby ingeskakel kan word. Lidmaatskap hiervan is gewoonlik baie billik, maar die waarde wat jy kry deur uit ander se ervarings te leer, is onberekenbaar groot.

Uit eie ervaring kan ek getuig van die groot waarde wat lidmaatskap van die Houtwerkvereniging van Pretoria aan my bied. Behalwe vir die kameraderie in die vereniging, is die byeenkomste 'n deurlopende leerskool, waar ek my telkens verbaas oor hoeveel ek van my stokperdjie by ander lede leer. Dit maak die stokperdjie vir my soveel meer sinvol, aangenaam en toepaslik. Daarom is dit my hartewens dat 'n mens van 'n jong ouderdom jou belangstelling en aanleg identifiseer en dan op 'n stokperdjie fokus. Soveel te beter kan jy jou kind(ers) daarby betrek vir 'n lewenslange belangstelling en optimale tydverdryf. Jou entoesiasme wanneer dit kom by die voorbeeld wat jy vir hulle stel, is gewoonlik die vonk vir hulle belangstelling. Hulle word dan vroeg reeds positief gestimuleer. Dit geld veral vir die ontwikkeling van hul kreatiwiteit.

Met die inhok- of grendeltyd wat sedert Maart heers, is baie mense (en veral mans) onverhoeds betrap met inperking by hul huise en geen stokperdjie om die tyd mee te verwyl nie. Dit het tot luidkeelse frustrasies gelei, want skielik moes die inhoktyd verwerk en "benut" word. Die pensioenarisse in ons midde, wat reeds geruime tyd al 'n stokperdjie beoefen, is gelukkig, want hulle is min deur die inhoktyd beïnvloed. Hulle kon rustig met hulle stokperdjies voortgaan en die "afsondering" voltyds, soos vroeër, benut.

As jy nog nie by 'n stokperdjie uitgekom het nie, is dit dalk nou die tyd om dit ernstig te oorweeg en met een te begin, want die voordele om 'n stokperdjie te beoefen, is onberekenbaar groot en die beloning onskatbaar. Oorweeg dit dus ernstig en maak jou keuse oor hoe jy jou rustyd intelligent gaan vul.

Verwerking van die volgende bron:
Heléne Richter en Lou Coetzer, 2020. Stokperdjies – Sinvolle tydsbesteding.
http://dameskring.co.za/wp-content/uploads/2020/10/176865_DameskringGranaat_5Okt.pdf

(Geredigeer deur Marianne Strydom)